Storieleesfees!

# Kinderboektoekennings
## INLIGTING VIR BIBLIOTEKE

ATKV



# Doen iets wen iets!



ATKV

# Kinderboektoekennings

# Storieleesfees!

**Die ATKV-Kinderboektoekennings word jaarliks aangebied om die gewildste Afrikaanse kinderboeke te bekroon wat gedurende die voorafgaande kalenderjaar verskyn het. Die boeke wat vir hierdie toekennings in aanmerking kom, word deur die kinders self beoordeel.**

## KATEGORIEË

Leerders kan in een van die volgende vyf kategorieë deelneem volgens hulle graad:

VOORLEESKATEGORIE:
**Kategorie graad RR - 1**

SELFLEESKATEGORIEË:
**Kategorie graad 2 - 3**
**Kategorie graad 4 - 5**
**Kategorie graad 6 - 7**
**Kategorie graad 8 - 9**

## KRY DIE BOEKE

Boeke kan by die volgende instansies aangekoop word:

- Die onderskeie uitgewers en onafhanklike boekwinkels.
- Bargain Books: Lydia du Plessis
  (012 662 0462 of irenevillagemall@bargainbooks.co.za).
  Die volledige pakket kan by Bargain Books bestel word.

## REËLS

- Kinders/leerders tree as beoordelaars op.
- Alle kinders in graad RR tot leerders in graad 9 mag aan die kompetisie deelneem.
- Volledige stelle van die boeke kan per pos bestel word (sien 'kry die boeke') of afsonderlik by boekwinkels en die onderskeie uitgewers aangekoop word.
- Kinders sal ook die boeke wat hulle in kategorie graad RR - 1, graad 2 - 3 en graad 4 - 5 lees se illustrasies kan beoordeel.
- Uitgewers plaas die boeke in samewerking met die skrywers in die onderskeie leeskategorieë.
- Die ATKV administreer slegs die projek en is nie aanspreeklik vir die inhoud of kwaliteit van die boeke nie. Enige navrae oor die boeke kan aan die onderskeie uitgewers gerig word.



ATKV

Kinderboektoekennings

Storieleesfees!

# 2025-LEESLYS

**VOORLEESKATEGORIE: GRAAD RR – 1**
- **Ben en die boelies** – LUCA
- **Geldwolfie** – PROTEA BOEKHUIS
- **Hierdie is 'n boek oor monsters** – PAN MACMILLAN SA
- **Lea gaan skool toe** – LUCA
- **Lisa Liefbesie se sewe verlore kolle** – LAPA UITGEWERS
- **Lukas laat sy lig skyn** – PAN MACMILLAN SA

**SELFLEESKATEGORIE: GRAAD 2 – 3**
- **Die robotte voer oorlog** – TAFELBERG
- **Flaffie** – PAN MACMILLAN SA
- **Frikkadel die spookhond** – LAPA UITGEWERS
- **Jorsie die worsie 1: Die raaisel van die lammervanger** – LAPA UITGEWERS
- **Krok en Dil gaan skool toe** – PAN MACMILLAN SA
- **Stink sokkies** – PAN MACMILLAN SA

**SELFLEESKATEGORIE: GRAAD 4 – 5**
- **Jani Jonker gloei in die donker** – LAPA UITGEWERS
- **Kinkels en keuses 3: Die maniese muskietmoles** – HUMAN & ROUSSEAU
- **Luna Skitterster word gered** – LAPA UITGEWERS
- **Maltrap** – PAN MACMILLAN SA
- **Minki se verjaarsdag** – PAN MACMILLAN SA
- **Monsterhare** – PAN MACMILLAN SA
- **Roosville Raaisels 2: Die hoenders in** – LAPA UITGEWERS
- **Springboekie** – LAPA UITGEWERS

**SELFLEESKATEGORIE: GRAAD 6 – 7**
- **Ben breek weg** – TAFELBERG
- **Benru se boomskok: Die geheim van sy spesiale magte** – LAPA UITGEWERS
- **Die doodgewone bure** – HUMAN & ROUSSEAU
- **Die fantastiese verdwyning van Charlie Prins** – PAN MACMILLAN SA
- **Die ongelooflikste sending** – LUCA
- **Die rietrotte ontspoor** – PROTEA BOEKHUIS
- **Geheim in die riete** – TAFELBERG
- **Vasbyt Vyf: Die ontvoering** – LAPA UITGEWERS
- **Wian en die Viking-swaard** – LAPA UITGEWERS

**SELFLEESKATEGORIE: GRAAD 8 – 9**
- **Borrelgom** – HUMAN & ROUSSEAU
- **Bravo! Charlie** – LAPA UITGEWERS
- **Chakalaka uit 'n blikkie** – TAFELBERG
- **Ek sal vir jou veg** – PAN MACMILLAN SA
- **Foto's en fairy lights** – HUMAN & ROUSSEAU
- **Ons laaste legendariese somer** – LAPA UITGEWERS



ATKV

Kinderboektoekennings

Storieleesfees!

# VERLOOP

- Biblioteke kan self besluit vir watter en vir hoeveel kategorieë ingeskryf gaan word.
- Die bibliotekaresse moet al die boeke vir die betrokke kategorieë so gou moontlik bekom.

**Voorleeskategorie: Kategorie graad RR - 1**

- Boeke kan voorgelees word vanaf Januarie tot Julie 2025.
- Die bibliotekaresse lees op 'n bepaalde dag al die boeke in hierdie kategorie aan die kinders voor.
- Dit is wenslik dat die beoordeling in een sessie plaasvind.
- Nadat al die boeke voorgelees is, vra die bibliotekaresse die kinders om op hulle arms te lê en hulle oë toe te maak. Die kinders moet dan deur die opsteek van hande aandui watter boek volgens hulle mening die mooiste is. Elke kind het slegs een stem.
- Die bibliotekaresse dui die kinders se stemme op die TELKAART aan.
- Vervolgens moet die kinders aandui watter boek se illustrasies vir hulle die mooiste is. Die uitslag van hierdie beoordeling word ook op die TELKAART ingevul.
- Die bibliotekaresse vul self die INSKRYWINGSVORM in en stuur dit saam met die TELKAART om die ATKV teen 25 Julie 2025 te bereik.
- Biblioteke/skole wat in minstens **twee kategorieë** deelneem staan die kans om 'n geskenkbewys te wen.



ATKV

# Kinderboektoekennings

# Storieleesfees!

**Selfleeskategorieë:**
**Graad 2 - 3, Graad 4 - 5, Graad 6 - 7 en Graad 8 - 9**

- Boeke in hierdie kategorieë moet deur leerders gelees word vanaf Januarie tot Julie 2025.
- Entoesiastiese lesers word in elke kategorie geïdentifiseer en hulle word by die beoordeling betrek.
- Die lesers wat deelneem moet al die boeke in die betrokke kategorie lees.
- Die bibliotekaresse moedig die lesers aan om die boeke so vinnig as moontlik te lees.
- Sodra almal die boeke deurgelees het, kan meer lesers betrek word.
- Nadat die leerders al die boeke gelees het, dui elkeen op 'n STEMBRIEF (aparte brosjure) aan watter boek vir hulle die mooiste is. Die bibliotekaresse moet die STEMBRIEF asseblief dupliseer indien nodig.
- Lesers in kategorie graad 2 - 3 en graad 4 - 5 moet ook op die STEMBRIEF aandui watter boek se illustrasies na hulle mening die mooiste is. Elke leser moet 'n afsonderlike STEMBRIEF invul.
- Die bibliotekaresse ontvang elke leser se STEMBRIEF. Die bibliotekaresse vul self die finale aantal deelnemers in op die INSKRYWINGSVORM en die aantal stemme vir elke boek op die TELKAART.
- Die bibliotekaresse stuur slegs die TELKAART en die INSKRYWINGSVORM aan die ATKV, voor of op 25 Julie 2025.
- Biblioteke/skole wat in minstens **twee kategorieë** deelneem staan die kans om 'n geskenkbewys te wen.



ATKV

*Kinderboektoekennings*

**INSKRYWINGSVORM VIR BIBLIOTEKE**

# Storieleesfees!

# INSKRYWINGSVORM

**Hierdie vorm moet deur die bibliotekaresse ingevul word.**

- Hierdie vorm is vir kontroledoeleindes.
- Dié vorm word ingevul na afloop van die voorleessessie en/of nadat die stembriewe ontvang is.

**Slegs die inskrywingsvorm en die telkaart moet aan die ATKV gestuur word en dit moet die ATKV voor of op 25 Julie 2025 bereik.**



**Stuur inskrywings aan:**

jeannen@atkv.org.za

**Rig navrae aan:**

Jeanné Naudé
Projekorganiseerder
TEL.: 011 919 9088
E-POS: jeannen@atkv.org.za

NAAM VAN BIBLIOTEEK: ..............................................................................................

NAAM VAN BIBLIOTEKARESSE: ..............................................................................................

E-POSADRES: ..............................................................................................

POSADRES VAN BIBLIOTEEK: ..............................................................................................

.............................................................................................. POSKODE: ......................

TEL: ........................................................ FAKS: ........................................................

SEL: ..............................................................................................

Vul hieronder die finale getal leerders wat in elke kategorie gestem het in:

**VOORLEESKATEGORIE:**

**Kategorie graad RR - 1:** GETAL KINDERS WAT BEOORDEEL HET ......................................

**SELFLEESKATEGORIEË:**

**Kategorie graad 2 - 3:** GETAL LESERS WAT BEOORDEEL HET ......................................

**Kategorie graad 4 - 5:** GETAL LESERS WAT BEOORDEEL HET ......................................

**Kategorie graad 6 - 7:** GETAL LESERS WAT BEOORDEEL HET ......................................

**Kategorie graad 8 - 9:** GETAL LESERS WAT BEOORDEEL HET ......................................

DIE ATKV ADMINISTREER NET DIE PROJEK EN IS NIE AANSPREEKLIK VIR DIE INHOUD OF GEHALTE VAN DIE BOEKE NIE.



ATKV

*Kinderboektoekennings*

TELKAART

# Storieleesfees!

Dui asseblief die aantal stemme per kategorie aan.
DIE SPESIFIEKE GETAL MOET INGEVUL WORD.

# TELKAART

LW: Elke leser/kind het net een stem
en mag net in een kategorie deelneem.

| VOORLEESKATEGORIE: GRAAD RR - 1 | | |
|---|---|---|
| Totale aantal lesers wat stem in die kategorie: | | |
| Storie | | Illustrasies |
| | Ben en die boelies | |
| | Geldwolfie | |
| | Hierdie is 'n boek oor monsters | |
| | Lea gaan skool toe | |
| | Lisa Liefbesie se sewe verlore kolle | |
| | Lukas laat sy lig skyn | |

| SELFLEESKATEGORIE: GRAAD 2 - 3 | | |
|---|---|---|
| Totale aantal lesers wat stem in die kategorie: | | |
| Storie | | Illustrasies |
| | Die robotte voer oorlog | |
| | Flaffie | |
| | Frikkadel die spookhond | |
| | Jorsie die worsie 1: Die raaisel van die lammervanger | |
| | Krok en Dil gaan skool toe | |
| | Stink sokkies | |

| SELFLEESKATEGORIE: GRAAD 4 - 5 | | |
|---|---|---|
| Totale aantal lesers wat stem in die kategorie: | | |
| Storie | | Illustrasies |
| | Jani Jonker gloei in die donker | |
| | Kinkels en keuses 3: Die maniese muskietmoles | |
| | Luna Skitterster word gered | |
| | Maltrap | |
| | Minki se verjaarsdag | |
| | Monsterhare | |
| | Roosville Raaisels 2: Die hoenders in | |
| | Springboekie | |

| SELFLEESKATEGORIE: GRAAD 6 - 7 | |
|---|---|
| Totale aantal lesers wat stem in die kategorie: | |
| | Ben breek weg |
| | Benru se boomskok: Die geheim van sy spesiale magte |
| | Die doodgewone bure |
| | Die fantastiese verdwyning van Charlie Prins |
| | Die ongeloofikste sending |
| | Die rietrotte ontspoor |
| | Geheim in die riete |
| | Vasbyt Vyf: Die ontvoering |
| | Wian en die Viking-swaard |

| SELFLEESKATEGORIE: GRAAD 8 - 9 | |
|---|---|
| Totale aantal lesers wat stem in die kategorie: | |
| | Borrelgom |
| | Bravo! Charlie |
| | Chakalaka uit 'n blikkie |
| | Ek sal vir jou veg |
| | Foto's en fairy lights |
| | Ons laaste legendariese somer |



ATKV

**Kinderboektoekennings**

**KONTROLELYS**

# Storieleesfees!

Maak asseblief seker die volgende stappe is gevolg voordat die inligting aan die ATKV gestuur word:

## VOORLEESKATEGORIE:

- [ ] Al die boeke is voorgelees aan die kinders.
- [ ] Kinders het op hulle arms gelê en gestem vir hulle gunstelingboek deur hulle hande op te steek. Die hoeveelheid stemme is langs elke boek ingevul onder die opskrif STORIE op die TELKAART. Daar is dus 'n getal langs elke boek ingevul wat die hoeveelheid stemme aandui.
- [ ] Kinders het op hulle arms gelê en gestem vir hulle gunstelingillustrasies deur hulle hande op te steek. Die hoeveelheid stemme is langs elke boek ingevul onder die opskrif ILLUSTRASIES op die TELKAART. Daar is dus 'n getal langs elke boek ingevul wat die hoeveelheid stemme aandui.
- [ ] Kinders se stemme vir hulle gunstelingboek mag verskil van hulle stemme vir gunstelingillustrasies.
- [ ] Die INSKRYWINGSVORM is volledig ingevul.
- [ ] E-pos slegs die INSKRYWINGSVORM en TELKAART aan die ATKV.

## SELFLEESKATEGORIEË:

- [ ] Leerders het al die boeke gelees.
- [ ] Elke leerder het 'n STEMBRIEF (aparte brosjure) ingevul.
- [ ] Al die STEMBRIEWE is by die bibliotekaresse ingehandig.
- [ ] Die bibliotekaresse het al die STEMBRIEWE verwerk en al die stemme op die TELKAART onder STORIE ingevul. Daar is dus 'n getal langs elke boek ingevul wat die hoeveelheid stemme aandui.
- [ ] Indien dit 'n kategorie is waarin daar gestem moes word vir illustrasies, is die stemme op die TELKAART onder ILLUSTRASIES ingevul. 'n Spesifieke getal is dus ingevul.
- [ ] Leerders se stemme vir hulle gunstelingboek mag verskil van hulle stemme vir gunstelingillustrasies.
- [ ] Die INSKRYWINGSVORM is volledig ingevul.
- [ ] E-pos slegs die INSKRYWINGSVORM en TELKAART aan die ATKV. Die individuele STEMBRIEWE hoef nie aan die ATKV gestuur te word nie.